

**Donderdag 18 Junie**

**Skrifgedeelte: Handeling 8:26-40**

**Fokusgedeelte: Handeling 8:29**

### **Gaan waar die Heilige Gees jou stuur**

**E**n daar gaan hy ... “Verstaan u wat u lees?” Sou jy dit kon doen? So wonder ons dikwels oor die werk van die apostels. Hulle praat met vrymoedigheid terwyl hulle vervolgers hulle aangeluur, hulle maak gesond, wek op, spreek sonde aan en nog meer. Maar hier het ons met Filippus te doen. Hy is geen apostel nie, hy is “maar net” ’n gelowige. Hoe weet Filippus dat hy moet gaan, en hoe kan hy seker wees dis die Gees van God?

Dit kom uit die beloftes van Jesus tydens sy hemelvaart, dat sy volgelinge krag sal ontvang wanneer die Heilige Gees oor hulle kom. En so kragtig werk die Gees dan dat ons eintlik van *die Handeling van die Heilige Gees* moet praat. Petrus verstaan skielik die betekenis van die geskrifte en preek kragtig. Stefanus sien die heerlijkheid van God en terwyl hulle hom doodgooi, het hy die krag om te vergewe.

Om op die Gees te vertrou vir leiding en krag, was vir die vroeë kerk niks vreemds nie, want dit is hoe Jesus belowe het dat Hy by hulle sou wees. Dit mag vandag ook nie anders wees nie. Wanneer ons waarlik dissipels (volgelinge) van Jesus is, moet ons Hom so intiem volg dat die mees natuurlike ding is om te gaan waar die Heilige Gees my stuur. Dan sal dit nie uitgesonderd word as “tekens van die Gees nie”, maar wel gehoorsaamheid aan die Gees.

Die vraag is: Volg ons die Here Jesus Christus so volkome dat ons sal weet as die Gees ons stuur? Dat dit die mees natuurlike ding vir ’n kind van God sal wees?

Mag jy die opdrag duidelik hoor: GAAN!

*Sing: Skrifberyming 15-1:1-4*

*Ds. HV (Henning) Venter (Windhoek)*